

Druppels

Waterval-Gemeente

November 2020

Dit kom van God

Een van die grootste stukke wysheid wat ons kan leer is om te verstaan dat ons lewe in 'n voortdurende betrokkenheid met God geleef word en dat die dinge wat oor ons pad kom, nooit sonder Sy wil of toelating gebeur nie.

As ons dit maar kan onthou wanneer ons om die een of ander rede in 'n ernstige krisis beland, sal dit ons help om die krisis anders te hanteer. Van nature is ons geneig om kwaad of panikerig te word. Na gelang van die aard van die situasie kan ons maklik in selfbejammering verval of in roekelose dwaasheid wil maak en breek.

Maar as ons kan leer om altyd te onthou dat sulke situasies nie maar toevallig op ons pad kom nie, maar een of ander manier uit die hand van God tot ons kom, sal dit ons help om met meer wysheid op te tree. As ons ,mooi luister , sal ons agter die lewensgeraas, die fluisterstem kan hoor van Hom wat vir ons sê: Hierdie saak kom van My!

Die mense wat ons kwaad maak, wat ons verontreg, wat verkeerde dinge aan ons doen...hulle vorm nie die grootste faktor waarmee ons in die krisissituasie te make het nie. Van belang is die vraag hoe ons die krisissituasie voor die aangesig van God hanteer, want Hy laat dit toe oor ons om ons te louter, te toets, te wen.

Toe David voor Absalom moes vlug, het Simei, 'n man uit die geslag van Saul, hom teekom en hom gevloek, die dienaars van David wou hom dadelik doodslaan, maar Dawid het hulle gekeer. Laat hom staan, sê Dawid, want God het aan hom gesê; Vloek Dawid! Wie mag dan vra: Waarom maak jy so? (2 Sam 16:5-13).

Dit was seker nie uit slapheid dat Dawid nie teen hom wou optree nie. Dit was uit ootmoed. Hy het maar alte goed geweet dat dit sy eie sonde was wat hierdie ongeluk oor hom gebring het. In die vloek van Simei hoor hy die toorn van God oor sy sonde. Dit is nie Simei nie , maar met God wat hy te make het. Daarom kan hy reageer deur hom te onderwerp aan die lyding wat God oor hom bring. Nie alle situasies waarin ons kan kom , is gelyk aan die situasie van Dawid nie.

Dikwels het ons krisisse nie direk met ons eie skuld te make nie. Dan is God se bedoeling met ons uiteraard anders as wat hier met Dawid die geval was. Tog pas dit ons altyd om onself in elke krisissituasie voor God te verootmoedig en te vra wat Hy van ons wil. En Hy wil altyd dat ons sal weet dat ons met Hom te make het.



Grapkas



Een kind maak jou `n ouer; twee maak jou `n skeidsregter...

`n Huwelik is `n verhouding waarin een mens altyd reg is en die ander een is die man...

`n Kind groei die vinningste die eerste maand nadat jy vir hom skooldere gekoop het...

Luiheid is net die gewoonte om te rus voor jy moeg is.....

Hulle noem dit ons moedertaal, want vaders kry selde kans om iets te sê...

EK ONTHOU My beste maatjie - `n afgetrede onnie - by `n skool vir kinnertjies wat bietjie "gestremd" is. Eendag .. sukkel sy vreeslik met hierdie kindjie wat nie tot rus kan kom nie. Sy gaan staan agter hom en rus haar moedelose armpies op sy skouers en sy sê: " Here Jesus, wat moet ek met hierdie kindjie doen?" Een outjie antwoord haar gebed en sê: "Juffrou, Donner hom?"

Woorde van wysheid



'As jy geloof, hoop en liefde kombineer, kan jy positiewe kinders in `n negatiewe wêreld grootmaak' Zig Ziglar

'Ons kan nie aan ons kinders die toekoms gee nie, al probeer ons hoe hard om dit vir hulle veilig te maak. Maar ons kan aan hulle vandag gee.' Kathleen Norris

'Droom gerus jou drome, maar betaal dan ook die prys om jou drome waar te maak.' Sir John Browning

Gebed:

Ons Vader, Baie dankie vir die kinders wat U vir ons gegee het, die kinders in wie se lewe ons onself herken, die kinders op wie ons mag trots wees, die kinders wat so diep in ons hart inkrui. Dankie, Here, dat U ons waardig gereken het om hulle te mag grootmaak. Rus ons toe met liefde en begrip, leer ons om te verstaan en te lei. Gee dat ons kinders verby ons sal kyk en saam met ons `n hemelse Vader sal raaksien wat `n herder is vir sy kudde en hulle lei na waters van rus.




Hand Breiwerk

Dames wat met die hand brei is dringend gesoek om te brei van die huis af.

Wol en patrone word verskaf.

Goeie betaling vir werk.

Kontak Rika by 082 4819001



Geelbladsye

B&H Draughting Services.

Vir alle "AD-HOC" Staal Struktuur en Meganiese teken in 2D en 3D

Ek werk op AutoCAD of MicroStation.

Dan doen ek ook ligte staal werk van die huis af:

Herstelwerk en bou van hekke, heinings, diefwerings ens.

Jy het 'n ideë van wat jy wil hê, ek ontwerp en bou hom.

Kontak:

Bennie Badenhorst

Selfoon. 084 3601253

E-pos. bhdraughting@gmail.com



Ben Jonker

083 4904143

Herstelwerk en diens van voertuie



Jy is só spesiaal vir God!

God dink goeie
dinge van my

Ek is die appel
van SY oog

Elke haar
op my kop
is getel

As ek struikel
en val, sal
SY reg-
verdige
regterhand
my optel
en hoog hou



Hy hoor as
ek bid

Hy sing
lofliedere
oor my lewe

My naam,
is in die
palm van
SY hand
geskryf

Hy sal SY engele opdrag
gee om my te beskerm dat ek
nie eers my voet teen 'n klip
stamp nie.

Hy dans oor
my lewe